# Vergiftiging:
# Vroeë en Buite-hospitaal behandelingstabel

## Gifinligtingshulplyn

van die Wes-Kaap, wat Suid-Afrika bedien

# 0861 555 777

**Opgestel deur: Tygerberg Gifinligtingsentrum**
toxicology@sun.ac.za / www.sun.ac.za/poisoncentre

**Hou hierdie tabel byderhand sodat u weet wat om te doen in die geval van vergiftiging.**

**Kontak die gifinligtingshulplyn en volg die behandelingsriglyne vir die verskillende onderstaande kategorieë.**

### In die volgende blootstellings :

**Moenie braking aanbring nie. Moenie enigiets gee om te drink of te eet nie.**

- Asetoon
- Battery (Knopie)
- Bensien
- Kanferolie
- Koolstoftetrachloried
- Ontsmettingsmiddels
- Vuuraanstekers
- Insekdoders
- Insek-afweermiddels
- Smeermiddels (wintergroen)
- Metaalreinigers/-poleermiddels
- Naellakverwyderaars
- Paraffien
- Verf (olie)
- Verfverwyderaars (oplosbaar)
- Onkruiddoders
- Petrol
- Slakgif
- Verdunners
- Terpentyn (mineraal)
- Vernis

### In die volgende blootstellings:

**Moenie braking aanbring nie. Kan klein hoeveelhede water gee. Moenie probeer om die gif te neutraliseer nie.**

- Ammoniak
- Suur
- Batterysuur
- Bleikmiddel
- Bytsoda
- Sement
- Chloor (vir swembad)
- Kaliumpermanganaat
- Wasmiddels
- Opwasmiddel (vloeibaar)
- Opwasmiddel (poeier)
- Dreinskoonmakers
- Kleursel (tekstiel of hare)
- Materiaalversagter
- Kunsmis
- Haarkleurmiddels
- Haargolfmiddels
- Haarversteilers
- Soutsuur
- Waterstofperoksied
- Motballe (Naftaleen)
- Oondreinigers
- Verfverwyderaar (bytmiddel)
- Kaliumpermanganaat
- Toiletreinigers
- Waspoeier
- Wassoda
- Onkruiddoders
- Glasreinigers

### In die volgende blootstellings:

**Moenie braking aanbring nie. Klein hoeveelhede water (halwe koppie) kan gegee word.**

- Alkohol
- Kalmynmelk (*calamine*)
- Skoonheidsmiddels
- Reukweerders (*deodorant*)
- Fluoriedtablette (gee **melk**)
- Gom (kontak en ander)
- Mercurochrome
- Brandspiritus
- Parfuum
- Plante
- Rottegif (bv. Rattex)
- Sjampoe
- Ontsmettingsalkohol

### In die volgende blootstellings:

**Hoewel die aanbring van braking gewoonlik nie roetineprosedure is nie, oorweeg dit in pasiënte wat nog heeltemal wakker en helder is binne 'n uur na groot innames gedoen is. Gee 'n glas louwarm water, gevolg deur stimulasie van die keel deur 'n vinger of lepel se platkant versigtig in te steek. Moenie voortgaan hiermee as dit nie dadelik effektief is nie.**

- Aspirien
- Ystertablette
- Sampioene–giftig
- Parasetamol
- Pille
- Tablette
- Ysterbevattende vitamiene

**Slangbyt, spinnekopbyt of skerpioensteek: Indien moontlik, kontak die gifinligtingshulplyn en neem die pasiënt so gou moontlik na 'n kliniek/hospitaal.**

**BÊRE ALLE MEDISYNE, HUISHOUDELIKE CHEMIKALIEË EN INSEKDODERS BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS. Indien 'n gifstof in kontak met die oë kom, moenie dit probeer neutraliseer nie, maar spoel die oë net vir 15–20 minute versigtig met water en neem die persoon na die naaste kliniek/hospitaal. Indien die vel met 'n giftige stof in aanraking kom, was dit met seep en water. Neem die houer en 'n monster van die medikasie of gif of plant of ander biologiese materiaal saam met die pasiënt na die kliniek of hospitaal.**

Alle regte voorbehou @Faculty of Medicine and Health Sciences, Stellenbosch University